# Ons KANDELAAR

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Krugersdorp

Jaargang 76 | Nommer 16 | 26 April 2026


## Predikant


Dr. De Wet Saaiman
Wolkbergstraat 11
Noordheuwel
dsaaiman@isat.co.za
072-378-8759
011-954-4775




## Gereformeerde Kerk Krugersdorp


H/v Begin- en Premierstraat, Krugersdorp-Noord
Sel: 072 854 0953 E-pos: skriba@gkkrugersdorp.co.za
GPS: S26 05.389 O27 46.649
Webblad: www.gkkrugersdorp.co.za


## SONDAG 26 APRIL – Prof Herrie van Rooy

In ons land geniet ons godsdiensvryheid. Ons kan God aanbid soos ons wil, waar ons wil en hoe ons wil. Aanhangers van ander godsdienste in ons land kan dit ook doen. Die gevaar is dat mense, ook christene, kan dink alle godsdienste is dan maar ook gelyk. Die gedeelte wat ons gelees het, en veral ons teksvers, maak dit duidelik dat dit nie die geval kan wees nie. Daar is maar een ware God en een pad na verlossing, deur ons Here Jesus Christus.

Die kerk vandag het met baie uitdagings te doen. Hoe lyk ons eie toewyding aan God? Die boek Deuteronomium sê God het mense sy kinders gemaak. As ons nie aan God toegewyd is en toegewyd leef nie, wat is die sin van ons geloof? In Deuteronomium praat Moses met die volk net voordat hulle die beloofde land sou ingaan. As hulle aan God gehoorsaam bly, sal Hy hulle seën. Ongehoorsaamheid bring God se oordeel oor hulle.

Ons teksvers was en is steeds die Jode se basiese belydenis. Daar is net een God, die Here, en Hy is absoluut uniek. Hierdie belydenis moes die basis vorm van die lewe van die volk in die beloofde land en moes hulle waarsku teen afgodsdiens in die beloofde land. Deuteronomium maak dit ook duidelik dat hierdie unieke God Israel verkies het om sy volk te wees. Ons het ook deel aan God se nuwe verbond. Hy het ons gekies en ons gered deur die dood en opstanding van ons Here Jesus Christus. Dit beteken dan dat ons ook volkome aan God toegewyd moet wees.

Ons toewyding aan God moet dus uitloop op ŉ lewe wat vir God geleef word. Alle godsdienste is nie maar op dieselfde vlak nie. Die Bybel leer ons nie net dat die Here ons God is nie, dit leer ons dat Hy die enigste God is. Dit bly nodig dat elkeen van ons ŉ slag goed kyk na ons eie lewe, ook ons geloofslewe. Getuig alles wat ons elke dag doen van ons geloof in God en ons toewyding aan Hom? Kom ons wys elke dag ons liefde tot God in ons hele lewe – en dan ook ons liefde tot mekaar.

## SONDAG 26 APRIL (Gemeentekamp) – Dr De Wet Saaiman

**Skrifgedeeltes:** 1 Samuel 15
**Teksverse:** 1 Samuel 15:14
**Tema:** Die geblêr van kleinvee in God se ore!
Saul begin belowend as koning, maar eindig tragies omdat hy nie volkome aan die HERE gehoorsaam is nie. Al lyk dit asof hy God se opdrag uitvoer, wys die oorblywende vee dat sy gehoorsaamheid onvolledig is. Sy grootste probleem lê nie net in sy dade nie, maar in sy hart: hy ontduik verantwoordelikheid, gehoorsaam op sy eie voorwaardes en soek uiteindelik sy eie eer. Hierdie verhaal ontbloot ook ons eie neiging tot halfhartige gehoorsaamheid en selfregverdiging. Tog wys dit ons verder na Christus, die ware Koning, wat volkome gehoorsaam was in ons plek. Deur Hom alleen kan ons herstel word en leer om God reg te dien. In die Woordverkondiging let ons op

1. Saul se VERANTWOORDELIKHEID
2. Saul se ONGEHOORSAAMHEID
3. God se EER ONTNEEM

## SONDAG 26 APRIL 2026

Kollektes word via SnapScan gedoen of by die deure na die diens.
Eerste sakkie is vir Barmhartigheid.
Tweede sakkie is na die oggenddiens vir die Prop. Hulpfonds.

Die tweede kollekte Sondag 3 Mei is na die oggenddiens vir die Thusofonds.

**09:00 Oggenddiens: Prof Herrie van Rooy**

- Geen Kleuterkerk tydens die oggenddiens nie agv die langnaweek
- Geen Kinderbediening tydens die oggenddiens nie agv die langnaweek
- Konsistorie Diensbeurt: Wyk 7 – Oudl. Jan-Louis Spoelstra
- Diakonale Diensbeurt: Groep 1
- Geen Tee/Koffie na die oggenddiens nie agv die langnaweek

**Geen Bybelskool nie agv die langnaweek**

## PROGRAM VIR DIE WEEK 27 APRIL TOT 3 MEI 2026

**Maandag 27 April**
Vryheidsdag
**Woensdag 29 April**
09:00 Korrektiewe Dienste
09:00 Forum
**Vrydag 1 Mei**
Werkersdag

## DIENSBEURTE SONDAG 3 Mei 2026

- Geen Kleuterkerk tydens die oggenddiens nie agv die langnaweek
- Geen Kinderbediening tydens die oggenddiens nie agv die langnaweek
- Konsistorie Diensbeurt: Wyk 8 – Oudl. Hantie Erasmus
- Diakonale Diensbeurt: Groep 2
- Geen Tee/Koffie na die oggenddiens nie agv die langnaweek

# VAN HUIS TOT HUIS

**<u>Gelukwense:</u>**

**Baie geluk aan ons 70-Plussers wat verjaar:**

***3 Mei***

- Sr Bertie van Ryneveld (082 385 0957) Wyk 34

**Baie geluk aan ons lidmate wat verjaar:**

***26 April***

- Sr Jacqueline Venter (072 519 2055) Wyk 4

***27 April***

- Sr Carin Strydom (082 322 4747) Wyk 26

***28 April***

- Br Pieter Coetsee (071 677 1381) Wyk 6
- Sr Rika du Plessis (082 905 8206) Wyk 7
- Sr Debbie Verreynne (076 783 8266) Wyk 6

***30 April***

- Sr Thiani Geldenhuys(078 098 5409) Wyk 11

***1 Mei***

- Br Pieter Venter (084 438 0796) Wyk 33

***2 Mei***

- Br Ben Greyling (078 325 3641) Wyk 28

**Baie geluk aan die volgende egpare met die herdenking van hul huwelik:**

***26 April***

- Br Werner en sr Tanya v.d Berg (072 227 3026) Wyk 4 met hul 12de herdenking

***1 Mei***

- Br Johann en sr Leana Snyman (083 269 2597) Wyk 1 met hul 33ste herdenking

***2 Mei***

- Br Pieter en sr Venitia de Weerdt (083 455 6489) Wyk 30 met hul 45ste herdenking

***3 Mei***

- Br Kobus en sr Susan van den Bergh (083 268 6605) Wyk 36 met hul 46ste herdenking

**Lief en Leed**

- Ons doen voorbidding vir almal wat siek, bekommerd of hartseer is in hierdie tyd.
- Sr Ria Mulder (082 852 2558) Wyk 25 is nog in die Krugersdorp Privaathospitaal vir behandeling. Mag die HERE haar kragte versterk en genesing skenk.
- Ons dink aan sr Janet du Plooy (066 002 2991) Wyk 11. Sy sterk aan by die huis. Mag sy gou beter voel en volkome herstel.
- Ons is saam met sr Lea van der Merwe (083 382 6550) Wyk 25 dankbaar dat sy uit die hospitaal ontslaan is en weer tuis in Moria aansterk. Mag die HERE haar in sy liefde omvou en haar kragte versterk.
- Ons doen voorbidding vir br Willie Badenhorst (083 266 6936) Wyk 25 wat in die Krugersdorp Privaathospitaal opgeneem is vir hoë infeksietellings. Mag die HERE hom volkome genesing skenk.

## KENNISGEWINGBORD

| **Kollektes: 19 April 2026** | | **SnapScan: 19 April 2026** | |
|---|---|---|---|
| R 2557.00 | Oggend: Barmhartigheid | R 922.59 | Oggend: Barmhartigheid |
| R 1339.00 | Oggend: Deure/ EVT | R 332.30 | Oggend: Deure/ EVT |
| R 75.00 | Aand: Barmhartigheid | R 19.32 | Aand: Barmhartigheid |
| R 125.00 | Aand: Kerkkas | R 0 | Aand: Kerkkas |

## *Beroepenuus*

*Bevestiging*

- Ds XO (Xolisa) Matrose se bevestiging as predikant van GK iBhayi vind plaas op Saterdag 25 April 2026. Die bevestiging word waargeneem deur dr JV (James) Fatuse, emerituspredikant van GK iBhayi en ds BM (Marten) Boersema, predikant van GK Oos-Londen.

## *Gedagte vir die week*



God is vir ons 'n skuilplek en 'n bron van krag; as hulp in benoudheid is Hy altyd te vinde. Daarom sal ons nie bang wees...

Psalm 46:2 en 3

## *Koningskinders-maandbyeenkoms - 18 April 2026*

Tussen al die reën en soek na ‘n bymekaarkomplek kon ons darem nes begin skrop en weer ‘n maandbyeenkoms hou.

Kinders het ons alreeds ingewag en almal wil help aflaai. Dit is vir my ‘n wonderwerk dat die kos veilig op die tafel kom. Sodra die broodjies land, begin hulle eet. Hulle het met die hoela-hoepe begin speel en ons het almal baie pret gehad. Teen die tyd dat Clasina met die geestelike gedeelte kon begin, was hulle moeg gespeel.

Clasina het voortgegaan met die tema “Hoe wil God hê ons moet lewe”. Sy het ‘n vergelyking getref tussen die Israeliete wat slawe in Egipte was en ons as slawe van die sonde. Jesus het ons egter verlos van ons sonde maar ons moet nog steeds die Tien Gebooie onderhou. Sy het die eerste 4 gebooie behandel: wat ons vir God moet doen. Jy moet jouself elke dag afvra of God tevrede is met wat jy doen. Gebruik die Here se naam met respek. Sondae moet ons rustiger wees. Maak meer tyd om saam met die Here deur te bring asook vir die mense waarvoor jy lief is.

Daar was vetkoeke op die spyskaart wat ons vooraf klaar verpak het asook koeldrank en appels. Dit was werklik ‘n aangename oggend wat ons saam met die kinders kon spandeer.

Daar is egter een ding waaroor ek spyt is en dit is dat daar geen foto’s geneem is nie. ‘n Mens is so besig om met die kinders te gesels en na al die stories te luister. Somtyds kan ‘n mens net lag; een seuntjie druk die appel dat hy die sap kan uitsuig want hy hou nie van appels nie maar wel van die sap.

Dankie nogmaals aan almal wat ons getrou bystaan. Solank as wat die Here my nog die krag gee sal ek voortgaan om met hierdie kinders en hulle ouers te werk. Alle eer kom die Here toe.

Groete; Hannetjie Harris

## *PREEKPROGRAM – TWEEDE KWARTAAL 2026*

**26 April (Langnaweek) (Geen aanddiens) (Gemeentekamp)**

Oggend: Prof Herrie van Rooy

Oggend: Kamp – Dr De Wet – Die geblêr van kleinvee in God se ore! – 1 Samuel 15 (T = 1 Samuel 15:22).

**3 Mei (Geen aanddiens)(Langnaweek)**

Oggend: ds Jannie van der Schyff - Opstandingstyd – Om die krag van Christus se opstanding te ervaar – Filippense 3:1-16 (T = Filippense 3:10)

**10 Mei**

Oggend: Dr De Wet – Opstandingstyd – Die geloofsbelydenis van Thomas – Lukas 24:36; Johannes 20:24-31 (T = Joh. 20:27-30).

Aand: Dr De Wet - Bybelskool en Katkisasie – Geskrifte – Jesaja

**14 Mei (Hemelvaart)**

Aand: Dr De Wet – Hemelvaart – Hemelvaart is die oorwinning van Jesus Christus! Psalm 68 (T = Ps. 68:18-19).

**17 Mei**

Oggend: Dr De Wet -Opstandingstyd – God verlos ons van tyd en gee aan ons die ewigheid 1 Prediker 3 (T = Pred. 3:11).

Aand: Dr De Wet - Bybelskool en Katkisasie – Profete – Jeremia en Klaagliedere

**24 Mei (Voorbereiding)(Pinkster)**

Oggend: Dr De Wet – Pinkster - God gee lewe deur Sy Woord en Gees! Esegiël 37:1-14 (Eseg. 37:12, 13).

Aand: Dr De Wet - Bybelskool en Katkisasie – Profete – Esegiël en Daniël

**31 Mei (Nagmaal en Nabetragting - Feesnaweek)**

Oggend: Dr De Wet - In God se teenwoordigheid lê daar vir ons 'n nuwe en blywende toekoms! Esegiël 42:1-43:12 (T = Eseg. 43:4-5, 7).

Oggend: Dr De Wet – Vervul met die Heilige Gees word ons gelei tot dankbaarheid! Levitikus 23:15-22 (T = Hand. 2:1).

**7 Junie**

Oggend: Prof Herrie van Rooy

Aand: Dr De Wet - Bybelskool en Katkisasie – 12 Klein Profete – Hosea, Joël. Amos, Obadja

**14 Junie**

Oggend: Dr De Wet – Pinkstertyd – Die Heilige Gees: God se antwoord vir 'n verlore wêreld! Joël 2 (T = Joël 2:28, 29).

Aand: Dr De Wet - Bybelskool en Katkisasie – 12 Klein Profete – Jona, Miga Nahum, Habakuk

**21 Junie**

Oggend: Dr De Wet – Pinkstertyd – Die uitstorting van die Heilige Gees – Die oorsprong en doel van Pinkster! Handelinge 2:1-13 (T = Hand. 2:1-4).

Aand: Dr De Wet - Bybelskool en Katkisasie – 12 Klein Profete – Sefanja, Haggai, Sagaria, Maleagi

**SKOLE SLUIT (26 JUNIE)**

**28 Junie (Geen aanddiens - Dr De Wet verlof)**

Oggend: ds Jannie van der Schyff - Pinkstertyd – Ag, was almal maar vol van die Gees! – Numeri 11:4-35 (T = Numeri 11:29)

**5 Julie (Geen aanddiens - Dr De Wet verlof)**

Oggend: Besoekende/Ander predikant

**12 Julie (Geen aanddiens)**

Oggend: Dr De Wet – Pinkstertyd – Die Heilige Gees lei ons in die volle waarheid! Johannes 16:5-15 (T = Joh. 16:13).

**19 Julie (Geen aanddiens)**

Oggend: Dr De Wet – Pinkstertyd – Die Heilige Gees sug saam met jou en bid vir jou! Romeine 8:18-27 (T = Rom. 8:26, 27).

**SKOLE OPEN (21 JULIE)**

# ***Nagmaal (1)***

Die woord “Nagmaal” kom nie in die Bybel voor nie. Dit is heel waarskynlik afgelei van die feit dat Jesus die Nagmaal in die nag ingestel het. Ons lees immers in 1 Korintiërs 11:24-25 dat Paulus die instelling van die Nagmaal soos volg beskryf: “Ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het: Die Here Jesus het ***in die nag*** waarin Hy oorgelewer is, brood geneem en, nadat Hy God daarvoor gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: ‘Dit is my liggaam; dit is vir júlle. Gebruik dit tot my gedagtenis.’” Ons Here Jesus wil hê ons moet gedurig dink aan sy versoeningswerk. Die Nagmaal is 'n gedagtenismaal (*verlede*) – en dit laat ons ook vorentoe verlang na “die bruilofsmaal van die Lam”, die wederkoms van Christus (*toekoms*). Daar is egter ook 'n ander beklemtoning by die Nagmaal, naamlik dié van *gemeenskap* (*hede*).

In Engels word na die Nagmaal verwys as “The Lord’s Supper” of “Holy Communion”. Dié benaming koppel hierdie sakrament aan die hele saak van *gemeenskap*. Dit is 'n heilige gemeenskap – dit wil sê 'n *gemeenskap met* en *deel hê aan* die weldade van Christus. Juis dít word ook pertinent onderstreep in die Nagmaalsformulier. Ons kyk na 'n paar plekke:

**Selfondersoek**: Net ná die drieledige “selfondersoek” volg hierdie woorde: “Almal wat só gesind is, wil God in genade aanneem en in die seëninge van die nagmaal laat ***deel***.” As jy egter in jou sonde volhard, staan daar: “Niemand wat liefdeloos en aanstootlik lewe, het ***deel*** aan die koninkryk van Christus nie.” Wanneer jy egter hartgrondige berou het oor jou sondes – dan: “Daarom kan ons seker wees dat God ons in genade aanneem en waardig maak om ***deel*** te hê aan die hemelse voedsel en drank.”

**Gedagtenis**: Wanneer ons die brood eet en die wyn drink by die Nagmaal, gaan dit oor ons *gemeenskap* met Christus. In die formulier kry ons hierdie versekering: “Deur sy dood het Hy vir ons die lewendmakende Gees verwerf, wat ***ons aan Christus in ware gemeenskap verbind en in al sy rykdom laat deel***.” Net vóór hierdie woorde staan wat al hierdie rykdomme is – en let op hoe Christus absoluut sentraal staan in alles wat Hy tot ons saligheid vir ons gedoen het:

1. Hy het die **toorn** van God as gevolg van *ons* sondes **gedra**.
2. Hy het met volmaakte **gehoorsaamheid** God se wet vir *ons* vervul.
3. Hy het vir *ons* veragting **gely**, sodat *ons* nooit weer ’n voorwerp van skande sou word nie.
4. Hy is onskuldig tot die dood **veroordeel**, sodat *ons* voor die gerig van God **vrygespreek** kan word.
5. Hy is aan die kruis gespyker om die **skuldbrief van ons sondes** daaraan vas te spyker. So het Hy *ons* vervloeking op Hom geneem om *ons* met Sy **seën** te oorlaai.

6. Hy het helse pyn en smart en bange **Godverlatenheid** gely toe Hy uitgeroep het: *My God, my God, waarom het U My verlaat*? sodat *ons* nooit meer deur God verlaat sou word nie.
7. Eindelik het Hy met sy dood en die stort van sy bloed die ewige **genadeverbond vervul** met die woorde: *Dit is volbring*.
8. Wanneer ons so aan Hom dink, word die tekens van brood en wyn elke keer weer 'n **versekering** dat Hy Hom *in ons plek* oorgegee het en dat Hy *ons* só **seker** met sy liggaam en bloed voed as wat ons die brood eet en die wyn drink. So wil die lewende Christus deur sy Gees *ons* van sy liefde **verseker** en *ons* tot die vaste wete bring dat *ons* ook tot hierdie genadeverbond behoort. (Met erkenning aan Dr. Wim, Preek 2025-02-23)

- Let op dat Christus dit alles ***vir ons*** gedoen het.

Wanneer ons Nagmaal vier – en só in gemeenskap met Jesus lewe – verseker die Here ons dat ons aan al hierdie wonderlike dinge deel het. Dit ís ons s'n. Met die Nagmaal verseker die Here ons: Dit alles behoort aan ons – natuurlik uit genade op grond van die verdienste van Christus!

– André Grové

## *Bankbesonderhede*

Die besonderhede van die FNB-bankrekening is soos volg:
Rekeningnaam: Gereformeerde Kerk Krugersdorp
Bank: FNB
Takkode: 255355 (My Branch)
Tjekrekening: 62876026511
Verwysing: Lidmaatnommer of Van; Spesifiseer asseblief waarvoor die EFT-betaling toegewys moet word

## *Ons Kandelaar Proeflesers*

Dr De Wet Saaiman (072 378 8759) en srs Corry Faling (082 421 8380); Maryke Coetsee (071 677 1381); Anne-Marie Venter (082 819 3272); Janet du Plooy (066 0022 991); en Meisie Naudé (083 655 5419); asook br Piet de Weerdt (083 455 6489).

SAVF MÔREGLANS HOME — ELDERLY CARE

# PANNEKOEKE

## 5 Mei 2026

**GEEN SUIKER - R6.00**
**MET SUIKER - R7.00**
**DOSYN - R75.00**

Fondsinsameling ten bate van ons verpleegsorg engele.

Bestel 'n vars gebakte pannekoek en bespreek 'n tyd om dit te kom haal Dinsdag 5 Mei '26.
Tye - 12:00 tot 13:00 /
15:00 tot 16:00

**BESTEL VOOR 4 MEI OM 12:00**

WhatsApp - 063 759 5084
Bel - 011 665 1388
Epos - moreglans.ontvangs@savf.co.za



77 MARKET STR
KRUGERSDORP